Liewe Vriende

Wie sou ooit aan die begin van die jaar kon voorspel dat `n virus die lot van mense oor die aarde heen so omvangryk sou omkeer!!!! En steeds is dit aan die gebeur … sterftes, gesondheidsrisiko's, landsgrense, wisselkoerse, sport, maatskappye se voortbestaan, skole se funksionering en noem maar op … is ingrypend geraak.

En tog is daar ook te midde van die intense pyn en swaarkry, mooi stories van hoop waar mense uitreik en help om nood en pyn te verlig. Dit het ook wonderlike uitkringende gevolge soos die Bybelse metafore van mosterdsaadjies en suurdeeg waar die grense van die Koninkryk verskuif word. (Mat 13:31-33)

Hier by Pharos kan ons getuig van die goedheid, liefde en genade van ons Heer wat op wonderlike wyses `n verskil gemaak het in baie mense se lewens. En dit het gekom in die vorm van donasies en ondersteuning wat ons hande sterk gemaak het om te volhard met ons werk.

Daarom wil ons graag **BAIE DANKIE** sê aan almal wat ons so getrou bystaan en help met al ons projekte. Sonder julle hulp sal ons dit nie kan vermag nie!!!

Terwyl die jaar vinnig na sy eindpunt toe beweeg, is daar nog drie projekte wat afgehandel moet word, naamlik:

Skryfbehoeftes vir Slimkoppe (Ons het vanjaar **92 kinders** vir wie ons moet help.)

***Hampers* vir Haweloses** (Ons wil graag **50 Hampers op Kersdag** uitdeel.)

Kruideniersware vir Gesinne en Individue in Finansiële nood (**22 Gesinne**)

Soos elke taak, pak ons elkeen van hierdie projekte in die geloof aan en ons weet dat elkeen sy eie adres het. Almal hoef nie by alles betrokke te wees nie, maar elke bydrae maak `n verskil.

Aangesien dit die laaste Nuusbrief van 2020 is, maak ek graag van die geleentheid gebruik om sterkte toe te wens aan ons Matrieks wat eksamen skryf, asook ons ander leerders en studente. Dan wil ek ook graag aan elkeen van julle `n welverdiende blaaskans toewens. Mag julle vreugde en vervulling beleef in die samesyn met naasbestaandes en vriende en mag hierdie Kersfees vir elkeen van julle ware vrede bring!

Vriendelike groete

ANNALIE TAUTE NAMENS PHAROS PERSONEEL EN BESTUUR